

Gereformeerde Kerk Bellville – 17 Mei 2015 – oggend

Sing vooraf staande: Psalm 19:4, 5 (p. 83)

- 4 Die HEER se heil'ge wet / is rein en onbesmet, / en sal die hart bekeer;
sy woorde sal gewis / aan wie eenvoudig is, / die ware wysheid leer.
Sy regte heerskappy / dié sal ons hart verbly / en onreg nooit gedoë;
en wat sy wet berig / is suiwer soos die lig / wat afstraal op die oë.
- 5 Die HEER se vrees is rein, / dit open 'n fontein / van heil wat ewig bly.
Die wette van die HEER / is waarheid immermeer, / regverdig net soos Hy.
Hul's soos die fynste goud – / ja, fyner duisendvoud – / geen glans wat so kan straal nie;
geen heuning is so goed, / geen heuningdrup so soet – / daar's niks wat daarby haal nie.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 97:1, 7 (p. 484)

- 1 God heers as hoogste HEER; / die aarde moet Hom eer,
en juig, saam met die strande / van afgeleë lande.
Daar's wolkedonkerheid / rondom sy majesteit;
sy rykstroon is gestig / op oordeel en gerig / en op geregtigheid.
- 7 Gods vriend'like aangesig / straal vrolikheid en lig
deur duisternis en smarte / vir alle opregte harte.
Regverdiges, wees bly! / En sing 'n lied daarby!
Verheug u in die HEER! / Lofsing sy Naam tot eer, / Hy's hoog en heilig, Hy!

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet

Psalm 139:1, 12 (p. 674)

- 1 Daar 's niks voor U bedek, o HEER! / U skou uit eewige dieptes neer
en sien my hart en wandel aan: / al wat ek doen, my sit en staan,
of wat in my diep weggesink het – / U weet al wat my hart bedink het.
- 12 Deurgrond, o Heer, en ken die swart, / verborge dieptes van my hart;
of diep in my, waar U kan lees, / 'n skadelike weg mog wees.
En lei voortaan my wank'le skrede / tog op die weg van eewige vrede.

Gebed

Psalm 26:2, 5, 7 (p. 121)

- 2 Beproof my van omhoog, / deurstraal my met u oog;
want op u guns verlaat ek my. / Deurgrond al my verlange
en toets my in my gange, / want dis u waarheid wat my lei.
- 5 Vol blydschap is my siel / wanneer ek voor U kniel
wat woon waar aardse lig verdwyn. / Hoe lief het ek u woning,
die plek, o Hemelkoning, / waar U in heerlijkheid verskyn.
- 7 My God, doen aan my reg! / Ek wandel in u weg.
Verlos my, hoor my smeking aan! / U liefde en lof verklank ek,
in u vergaarding dank ek, / U het vir my die pad gebaan.

Skriflesing: Handeling 16:1-34; Romeine 9:30-10:17; Dordtse Leerreëls, Artikel 3

Kernvers: Romeine 10:13-15

Elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word. Hoe kan hulle Hom dan aanroep in wie hulle nie geglo het nie? En hoe kan hulle in Hom glo van wie hulle nie gehoor het nie? En hoe kan hulle hoor sonder een wat preek? En hoe kan hulle preek as hulle nie gestuur word nie? Soos geskrywe is: Hoe lieflik is die voete van die wat die evangelie van vrede verkondig, van die wat die evangelie van die goeie verkondig!

(Romeine 10:13-15 AFR53)

Dordtse Leerreëls

Hoofstuk 1, Artikel 3

Om mense tot die geloof te bring stuur God uit genade verkondigers van hierdie vreugdevolle boodskap na wie Hy wil en wanneer Hy wil. Deur hulle diens word mense geroep tot bekering en geloof in Christus, die gekruisigde, want: Hoe kan hulle in Hom glo van wie hulle nie gehoor het nie? En hoe kan hulle hoor sonder een wat preek? En hoe kan hulle preek as hulle nie gestuur word nie? (Rom 10:14-15).

Tema: Deur die prediking van Christus word verlore sondaars tot geloof gebring

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, tot dusver het ons aan die hand van ons Dordtse Leerreëls die volgende sake uit die Woord van die Here geleer. Aan die hand van artikel 1 en uit Romeine 3 het ons geleer: Sonder uitsondering is alle mense gebore sondaars. In hulleself het hulle niks goeds nie, want kleins af – van babatjetyd af – is mense geneig om God en hulle naaste te haat. Dit is die geval omdat alle mense in Adam gesondig het en sodoende eerder die Satan se kant gekies het as om in die verhouding met die lewende God te bly lewe. Aangesien alle mense gesondig het, sou God niemand veronreg het as dit sy wil was om alle mense in die ellende te los en uiteindelik ewig te veroordeel nie.

Aan die hand van artikel 2 en Genesis 3 het ons van God se genade gehoor. Dit is nie sy wil om alle mense in die ellende aan die kant van die Satan te los en uiteindelik ewig te veroordeel nie. Sy wil is om met die sonde af te reken in die vlees van sy Seun. Daarom het God sy liefde geopenbaar deur sy eniggebore Seun in die wêreld te stuur, **sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê** (Johannes 3:16 AFR53). In en deur sy Seun het God kom soek hulle wat verlore is om hulle te red.

Aan die einde van artikel 2 bely ons hoe noodsaaklik geloof is. Elkeen wat in Jesus Christus glo, sal nie verlore gaan nie, maar ontvang die ewige lewe. Die enigste wyse waarop mense van Satan se kant af na God se kant toe kan kom, is deur Jesus Christus. Net Christus is die brug oor die onoorbrugbare kloof tussen God en waar die mens homself aan die kant van die Satan bevind. Maar om oor die brug te kom moet mense oortuig wees dat hierdie brug die enigste brug is en dat hierdie brug 'n mens inderdaad na God toe bring.

In die taal van ons belydenis: Mense het geloof in Jesus Christus nodig om uit die mag en ellende van die sonde en die kloue van die Satan gered te word. Waar sal mense hierdie geloof tog kry, want hulle het dit nie in hulleself nie? Van nature vra geen mens na God nie, daarom is daar nie eers 'n sweempie van geloof in enige mens nie. Waar die geloof

vandaan kom, bely ons in Sondag 25 van ons Heidelbergse Kategismus: **Die Heilige Gees werk dit in ons harte deur die verkondiging van die heilige evangelie.**

Dit is wat ons ook in ons kernverse hoor. Broers, susters en kinders, wanneer ons vanoggend by hierdie derde artikel stilstaan, bepaal ons ons aandag by vier sake:

- Die liefdesdaad van God
- Die verantwoordelikheid van die predikers
- Die verantwoordelikheid van die hoorders
- Die dwaling wat hierdie belydenis nodig gemaak het

Elkeen van ons wat deur die Heilige Gees oortuig is dat Hy ons met die ware geloof in Christus ingelyf het en ons laat deel kry aan die weldade van Christus, weet dat daar tussen ons en God vrede is. Deur die geloof in Christus is ons regverdig verklaar op grond van Christus se volmaakte verlossingswerk. Saam met hierdie vreugde en blydskap oor ons verlossing is daar egter ook hartseer. Ons kyk rondom ons en sien 'n klomp mense wat nog nie vir Jesus Christus ken nie. Hulle ken ook nie die vreugde van verlossing nie. Paulus het dit ook gesien. En dit was nie mense wat vreemd en onbekend vir hom was nie. Dit was sy volksgenote – Jode soos hy – wat nog nie in Christus geglo het nie.

Wanneer Paulus oor hierdie Jode in Romeine 9 begin skryf, vertel hy eers van sy eie hartseer oor die onbekeerde Jode. Dan begin hy skryf oor hoe God met groot sorg na die Israeliete omgesien het. En wanneer hy kom waar ons begin lees het vanoggend vertel hy wat die Jode gedoen het. In Romeine 9:30-10:4 vertel hy van die eiewilligheid van die Jode. Hulle wil nie die brug wat Christus met sy lewe en werk gebou het aanvaar nie. In plaas daarvan om in Jesus Christus te glo, wil hulle eerder hulle eie brug bou. Met eie prestasies wil hulle die vryspraak by God verdien. En in Romeine 10:16-21 wys hy ook op die hardkoppigheid van die Jode.

Tussen hierdie twee gedeeltes skryf Paulus hoe dit kom dat enige mens – Jood of Griek – gered kan word. Die Jode het Paulus oor twee dinge kwalik geneem. Aan die een kant het hulle gesê dat Paulus se verkondiging afwyk van die Ou Testament. En aan die ander kant het hulle Paulus daarvan beskuldig dat hy die onderskeid tussen Jode en Grieke ignoreer. Vanuit die Ou Testament self wys Paulus daarop dat sy verkondiging in lyn is met die ewige Woord van God. In vers 11, 13 en 15 haal hy uit Jesaja en Joël aan. En dit is vanuit die aanhaling in vers 11 dat Paulus daarop wys dat daar by die Here nie 'n onderskeid is tussen volke nie, so asof die een volk beter as die ander is.

Elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word.

(Romeine 10:13 AFR53)

Maar niemand kan die Here aanroep as hy nie in die Here glo nie. Niemand sal in die Here kan glo as hy nie van die Here Jesus Christus gehoor het nie. 'n Mens moet dus eers die vreugdevolle boodskap van Jesus Christus se koms na die aarde en sy verlossingswerk hoor, want daardeur wek die Heilige Gees die geloof in 'n mens se hart op. God het dus sy liefde nie net daarin geopenbaar dat Hy sy eniggebore Seun gestuur het om die verlossing te bewerk nie. Hy openbaar sy liefde vir sondears ook daarin dat Hy verkondigers stuur om hierdie liefde wat Hy in sy Seun ten toon gestel het, te verkondig aan wie Hy wil en wanneer Hy wil.

In Handeling 16 illustreer die Heilige Gees aan ons wat dit prakties beteken as **God uit genade verkondigers van hierdie vreugdevolle boodskap stuur na wie Hy wil en wanneer Hy wil.** Op sy tweede sendingreis het Paulus van Antiochië in Sirië deur sy tuisstad Tarsus gereis na elkeen van die stede waar die Heilige Gees gemeentes tot stand

gebring het tydens sy eerste sendingreis. Van Antiochië in Pisidië wou Paulus eers verder wes gaan na die provinsie Asië, maar die Heilige Gees het hulle verhinder. Daarom het hulle in 'n noordelike rigting deur Frigië en Galasië gegaan. By Misië wou Paulus nog verder noord na Bithinië gaan, maar die Heilige Gees het hulle nie toegelaat nie. Daarom het Paulus weer wes gedraai en gereis totdat hulle by Troas gekom het.

Hoe die Heilige Gees Paulus daarvan oortuig het om nie die evangelie eers verder wes en toe verder noord te gaan verkondig nie, word nie aan ons geopenbaar nie. Dit was egter die Here se wil dat Paulus in Troas moes kom. Maar Troas was nog nie die eintlike bestemming nie. Paulus moes nog verder wes na Macedonië om in Filippi aan te kom. Dit was die Here se eerste bestemming vir Paulus in Europa.

Indien daar sou gevra word: Waarom het die Here Paulus gekeer om verder in Asië of in Bithinië die evangelie te verkondig? kry ons die antwoord in die Woord. God wou vir Lídia in Filippi tot die geloof in Christus bring:

En 'n vrou met die naam van Lídia, 'n purperverkoopster van die stad Thiatíre, 'n godsdienstige vrou, het geluister; die Here het haar hart geopen om ag te gee op wat deur Paulus gesê is. (Handelinge 16:14 AFR53)

En sy en haar huisgesin is gedoop.

Maar Lídia was nie die enigste een wat in daardie stadium tot geloof moes kom in Jesus Christus nie. Die Here het die onreg van die stadsbestuur gebruik om Paulus en Silas in die tronk te kry, want daar was nog die tronkbewaarder wat in die middernag in die tronk die evangelie van Jesus Christus moes hoor. Deur die verkondiging van die heilige evangelie het die Heilige Gees die geloof in sy en in sy gesin se harte opgewek.

Volgens God se ewige besluit moes Lídia en die tronkbewaarder in Filippi in hierdie stadium tot geloof in Jesus Christus kom. En kragtens God se besluit moes hulle die evangelie hoor soos wat die apostel Paulus dit preek. Om hierdie rede is die pad vir Paulus na Asië en Bithinië toegemaak sodat hy Masedonië toe kon gaan. Uit genade het God het vir Paulus as verkondiger van Christus in daardie spesifieke tyd na Filippi gestuur sodat Lídia en die tronkbewaarder tot geloof kon kom. In die bekering van Lídia en die tronkbewaarder sien ons ook dat die Here nie een mens beter ag as 'n ander een nie. Lídia het God al geken as die God van Abraham, Isak en Jakob. Die tronkbewaarder was nog 'n volslae heiden. En tog bring die Here hulle albei tot geloof op dieselfde manier – deur die verkondiging van die evangelie van Jesus Christus.

'n Mens moet nou nie die afleiding maak dat Asië en Bithinië nooit die evangelie moes hoor nie. Dit was net nog nie die tyd wat God bepaal het dat die vreugdevolle boodskap van Christus daar verkondig moes word nie. Ons weet ten minste dat Paulus op sy terugreis by Éfese in die provinsie Asië aangedoen het en tydens sy derde sendingreis het hy drie jaar in Éfese gewerk. Die sewe kerke aan wie Johannes die sewe briewe moes skryf (Open 2 en 3), was almal in die provinsie Asië.

Dat God besluit om die verkondigers van sy evangelie te stuur na wie Hy wil en wanneer Hy wil, mag nie verstaan word as 'n partydigheid aan die Here se kant nie. Daar is niks wat een groep mense meer geskik maak om die evangelie te hoor as 'n ander groep mense nie. Die evangelie is die Here s'n en Hy kan daarmee maak wat Hy wil (Matt 20:15). Indien iemand nooit die evangelie hoor nie en ook nog verlore gaan, was die Here steeds nie onregverdig teenoor hom nie. God is nie verplig om 'n verkondiger met die evangelie van

Christus na hom te stuur nie. God was nie eers verplig om sy eniggebore Seun na die aarde te stuur nie.

God het egter uit loutere genade sy eniggebore Seun gestuur om met die sonde effektief af te reken. Net so is dit loutere genade wanneer God 'n verkondiger van hierdie vreugdevolle boodskap na iemand stuur. Geliefdes, besef ons nog watter groot genade die Here aan ons bewys het dat ons in ons lewe die evangelie kon hoor? Besef ons die genade van die Here dat ons nog gereeld die verkondiging van hierdie vreugdevolle boodskap mag hoor? Die Here is dit nie aan ons verskuldig nie, maar uit liefde gee Hy dit steeds vir ons. Mag ons lof en dank aan Hom nooit stil raak hiervoor nie.

Dit bring ons dan by die verantwoordelikhede van die verkondigers van die evangelie en die hoorders onderskeidelik. Die verkondiger het nie die vryheid om die boodskap aan te pas na die begeertes van die hoorders nie. Die verkondigers van die evangelie van Christus mag nie die hoorders net in die oor streef nie. Daarmee word bedoel dat die predikant nie maar net vir die gemeente kan verkondig dat hulle verlos is en daarom 'n paar mooi dinge sê sodat hulle goed voel oor hulleself nie. Dit beteken ook dat die predikant nie sommer maar moet aanvaar dat almal wat voor hom sit wedergebore Christene is nie. Die evangelie moet suiwer verkondig word, soos wat die Here dit aan ons gee. Daarom moet die verkondiging as sleutel van die koninkryk die koninkryk van die hemel oopsluit maar ook toesluit.

Vir die wat onrustig gemaak is deur die Heilige Gees oor hulle sondes moet die koninkryk oopgesluit word. Hulle moet hoor dat Christus die brug na God toe is. Wie gelowig sy Naam in alle opregtheid en bewoënheid aanroep, sal nooit teleurgestel word nie. Die Here belowe so 'n mens sal gered word.

Maar ons wat nonchalant geword het oor ons sondes, nie meer onrustig raak wanneer die Heilige Gees ons aandag daarop vestig nie – ons moet wakker geskud word. Die poorte van die koninkryk staan nie outomaties oop vir ons omdat ons Bybel lees of eredienste bywoon nie. Ons moet ons van ons sondes bekeer, want die Here betoon nog sy geduld en genade aan ons. Hoor net weer vir watter doel die Here steeds sy evangelie aan ons laat verkondig – ons **word geroep tot bekering en geloof in Christus, die gekruisigde**. Broers, susters en kinders, bekering is nie net iets wat die heidene moet doen nie. Ek het jy moet dit elke dag doen. Ons moet daagliks die sonde afsterf en daarvan wegvlug. Ons moet daagliks ons toevlug tot Christus neem.

En waar ons op die vooraand van die viering van die heilige nagmaal is, moet elkeen van ons wat bekend is as belydende lidmate in die Gereformeerde Kerk Bellville ernstig en eerlik voor die Here staan en antwoord: Wat doen ons met die verkondiging van Christus wat ons hoor? Deelneem aan die nagmaal is nie vanselfsprekend omdat my naam op die lidmaatregister is of omdat ek in die nagmaal-erediens is en die tafel gereedgemaak is nie. Elke belydende lidmaat in hierdie gemeente kan alleen aan die nagmaal deel hê by die tafel as ons werklik 'n afkeer van onself het oor ons sondes, ons daadwerklik daarvan bekeer en ons lewe buite onself in Christus soek met die voorneme om dank en lof aan God te bring omdat Hy my weer uit genade tot bekering en geloof in Christus geroep het. As ek my nie bekeer nie of maar net voorgee dat ek my bekeer het, moet ek weet ek staan voor die Here verantwoordelik oor die leuen wat ek in myself koester. Die oordeel van God rus op my totdat ek my bekeer het.

Ons het nog een saak wat ons aandag verg. Dit is die dwaling wat hierdie belydenis van ons in artikel 3 noodsaaklik gemaak het. Met hierdie artikel word die spesifieke dwaling van

die Remonstrante weerlê wat in artikel 9 van die Verwerping van die Dwalings aan die einde van hoofstuk 1 opgeneem is. In die groen Psalmboek is dit op bladsy 84. Die dwaling klink so: ***Dit is nie enkel en alleen die welbehae van God wat die oorsaak is waarom Hy die evangelie eerder na die een as na die ander volk stuur nie. Dit gebeur omdat die een volk beter en waardiger is as die ander aan wie die evangelie nie meegedeel word nie.***

Ons het nou al gesê dat God nie onderskeid maak tussen mense nie. Hy laat die evangelie verkondig aan wie Hy wil en wanneer Hy wil. Daar is geen mens wat eerder verdien om die evangelie te hoor as iemand anders nie. Geen mens is waardiger as enige ander mens nie. Inteendeel, die enigste wat alle mense deur die bank verdien is die oordeel van God. Daarom het ons vaders met twee aanhalings uit die Skrif hierdie dwaling van die Remonstrante verwerp.

Kyk, aan die HERE jou God behoort die hemel, ook die hoogste hemel, die aarde en alles wat daarin is. Maar net aan jou vaders het die HERE 'n welgevalle gehad om hulle lief te hê, en Hy het julle, hulle nageslag ná hulle, uit al die volke uitverkies, soos dit vandag is. (Deuteronomium 10:14-15 AFR53)

Alhoewel God enige volk op die aarde vir Homself kon gekies het om lief te hê, het dit Hom behaag om in sy vrymag vir Israel te kies. Hy wou Homself deur hulle verheerlik het en Hy het dit gedoen. Hy het sy Seun uit hulle gebore laat word as die mens Jesus Christus.

Christus sê iets soortgelyks aan die Jode:

Wee jou, Górasin, wee jou, Betsáida! want as in Tirus en Sidon die kragtige dade plaasgevind het wat in julle plaasgevind het, sou hulle hul lankal in sak en as bekeer het. (Matteus 11:21 AFR53)

Górasin en Betsáida was twee Joodse stede waar Jesus gepreek en wonders gedoen het, maar hulle het sy prediking verwerp. Tirus en Sidon, aan die ander kant, is twee heidense stede wat, so sê Jesus self, sou geglo het as Hy daar gepreek en wonders gewerk het. Op grond van hierdie woorde van Jesus sou 'n mens kon sê dat die inwoners van Tirus en Sidon waardiger mense is as dié van Górasin en Betsáida. En tog het God in sy vrymag besluit dat Christus nie daar moes gaan preek nie maar by die Jode, en tog het hulle Hom verwerp. En dit terwyl die Jode altyd van gedagte was dat hulle waardiger is as al die ander volke.

Dat die Here sy evangelie vanoggend weer aan ons verkondig het, is net loutere genade. Dit was sy wil dat ons dit vandag weer gehoor het. Daarom, laat ons nie moedswillig wees en vra: Here, maar hoekom het U nie vir Christus na Tirus en Sidon gestuur nie? Laat ons eerder in ootmoed en dank voor die Here buig en onself bekeer van ons sonde en glo in Christus, die gekruisigde. En julle wat reeds glo in Christus, mag die Heilige Gees julle geloof met hierdie verkondiging versterk.

Amen!

Slotgebed

Skrifberyming 3-4:1, 5

- 1 U, Christus, is my lewe, / die sterwe wins vir my.
In lewe en in sterwe / is ek aan U gewy.

- 5 U is my hoogste vreugde, / aan U is ek gewy;
in lewe en in sterwe / sal U steeds by my bly.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Katkisasieopening

Skrifberyming 16-1:1 (15:1)

- 1 Laat jul kinders tot My nader / en geen hindernis hul weer,
want die koninkryk der heemle / is hul erfdeel," sê die HEER.
- 2 Wie nie needrig soos die kindjie / wat hier tussen julle staan,
so die Godsryk wil ontvang nie, / sal daar geensins binnegaan."

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
17 Mei 2015